**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP VRYDAG 30 AUGUSTUS 2024 OM 12:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | *(sluit aan om 14:05)* |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste *(virtueel ingeskakel)* |
| Mnr. M Crous | : | Bestuurder: Inkomste *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. JP Sass | : | Bestuurder: Finansiële State en Beheer |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. M Mseleni | : | Interne Ouditeur |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie |
| Me. A Joubert | : | Omgewingsbeplanning Bestuursbeampte *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. VK Willems | : | Klerk: Komitees |

**ANDER**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. Gert van der Linde | : | INCA Portfolio Manager |

***

| | AKSIE |
|---|---|

**RVN001/08/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna 'n oomblik van stilte gehandhaaf word.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan mnr. Gert van der Linde vanaf INCA Portfolio Managers, die lede van die publiek wat die verrigtinge bywoon en diegene wat op die "YouTube" platform ingeskakel is.

***

**RVN002/08/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Die Speaker meld dat Raadsheer De Vries tans tuis aansterk na 'n operasie.

Voorts meld die Speaker dat Raadslid Adams afwesig is met verskoning en virtueel sal aansluit op die MS Teams platform maar hy het nie aangesluit nie.

Direkteur Finansiële Dienste - vakansieverlof
Direkteur Gemeenskapsdienste - siekverlof *(maar virtueel ingeskakel sal wees tydens die vergadering en wel ingeskakel was)*
Bestuurder: Strategiese Dienste - vakansieverlof

***

**RVN003/08/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

***(Raadslid Maarman sluit om 14:05 aan by die vergadering)***

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Munisipale Bestuurder verklaar haar persoonlike belang by **RVN028.**

Die Direkteur: Tegniese Dienste en Direkteur Finansiële Dienste verklaar hul persoonlike belang by **RVN030.**

Die Direkteur Gemeenskapsdienste ervaar konneksie-probleme en kan nie sy belange verklaar nie, waarna hy dit op die "MS Teams" platform in die "chat" tik waar hy verklaar dat hy geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/08/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 30 JULIE 2024**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Dinsdag 30 Julie 2024, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN005/08/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 30 JULIE 2024**
**3/3/2/2**
***(Die Implementeringsverslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 30 Julie 2024.

***

**RVN006/08/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/08/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Die Speaker meld dat hy vanaf die volgende Raadsvergadering in September 2024, vooraf vergaderings met die onderskeie politieke partye gaan reël om deur die Agenda te werk/lees;
- Dat 'n gesprek met die Munisipale Bestuurder gehou was rakende In-Komitee items wat in die Raadsvergadering aan die Raadslede gegee word, wat nie genoegsame tyd gee vir hulle om sorgvuldig daardeur te werk/lees nie en dat die hantering in die vooraf vergaderings met die onderskeie politieke partye bespreek sal word;
- Hy wens die Springbokke en "All Blacks" sterkte toe met die wedstryd wat op Saterdag 31 Augustus 2024 sal plaasvind;
- Dat die Porterville rugbyspan, Happy Hearts, tans nog deelneem aan die Top 12;
- Hy beklemtoon die belangrikheid van die bywoning van die onderskeie sportkodes by die skole in die onderskeie dorpe in die Bergrivier Munisipale area; en
- Hy bedank ook die Gemeenskapsdienste personeel wat die sportvelde en fasiliteite so goed versorg.

LIEF

- Dat Raadslid Du Plooy, op Donderdag 12 September 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag.

LEED

- Dat die tydelike werker by Verkeersdienste Piketberg, mnr. Stef Nel, oorlede is en word sy familie sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat die Verkeersbeampte van Piketberg, mnr. Reon Swarts, se broer oorlede is en word hy en sy familie sterkte toegewens in hierdie tyd; en

- Dat verskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

'n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededeling:</u>

- Dat die Uitvoerende Burgemeester van Weskus Distriksmunisipaliteit 'n e-pos aan alle Burgemeesters in die Weskus gerig het om alle Raadslede uit te nooi om 'n sessie by te woon vanaf 30 Oktober 2024 tot 01 November 2024. Alle logistieke reëlings sal voorsien word aan die Raadslede.

***

**RVN008/08/2024**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: LONG TERM FINANCIAL PLAN PRESENTATION INCA</u>**
**3/3/1/5**

Die Speaker stel die afvaardiging aan die vergadering bekend, waarna Mnr. Gert van de Linden die voorlegging voorlê aan die Raad ter kennisname.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter bedank die afvaardiging, Mnr. Gert van de Linden, vir sy harde werk met die verslag, waarna die afvaardiging die vergadering verlaat om 12:50.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN009/08/2024**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Die Speaker meld dat Raadsheer Manuel 'n versoek gerig het en dat die Mosie / Vrae in-komitee voorgehou sal word voor die volle Raad vir oorweging en besluitneming.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN010/08/2024**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN011/08/2024**
**<u>ROLL-OVER ADJUSTMENT BUDGET 2024 / 2025</u>**
**5/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Bestuurder: Finansiële State en Beheer.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die oorrol van items op die operasionele begroting.

***(Die Speaker staan 'n koukus geleentheid toe vanaf 13:07 – 13:12)***

Die Speaker gaan oor tot stemming by wyse van hande met die volgende uitslae:

Ten gunste van: 9
Nie ten gunste van: 0

Bly buite stemming: 2
Afwesig met verlof: 2

Die Speaker bedank alle rolspelers vir die samestelling van die "Roll-Over Adjustment Budget 2024 / 2025".

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Council approves the Roll-Over Adjustment Budget 2024 / 2025 for the capital budget; and
2. That the "Roll-Over Adjustment Budget 2024 / 2025 for the operational budget be withdrawn from the Roll-Over Adjustment Budget 2024 / 2025.

***

***(Die Bestuurder: Finansiële State en Beheer verlaat die vergadering om 13:25.)***

**RVN012/08/2024**
**<u>MOONTLIKE HUUR VAN KERKLAAN BESIGHEIDSKANTORE, VELDDRIF VIR MUNISIPALE GEBRUIK</u>**
**7/1/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Raadsheer Manuel versoek dat indien die volle Raad 'n besluit neem rakende die bestuur en beheer van 'n Bergrivier Munisipale eiendom en daar is 'n verandering, die Raad dienooreenkomstig ingelig moet word.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat Bergrivier Munisipaliteit 'n in-beginsel besluit neem om die perseel te huur vir 'n aanvanklike termyn van 3 jaar (onderhewig aan die uitkoms van 'n SCM proses) en so spoedig moontlik begin met 'n Artikel 33 proses in terme van die MFMA om die perseel te huur vir 'n maksimum tydperk van 9 jaar en 11 maande;
2. Dat die Raad besluit dat die Munisipaliteit instaan vir die huur namens Bergrivier Toerisme Organisasie (BTO) vir die eerste 24 maande en dit daarna van Bergrivier Toerisme Organisasie (BTO) se toekenning afgetrek word;
3. Dat die minimum bedrag vir die huur van die gebou R6 500 per maand is en dat die Raad toestemming gee dat die Munisipale Bestuurder kan afwyk vir 15% meer van die bedrag vir addisionele uitgawes;
4. Dat die perseel gebruik word om die Bergrivier Toerisme Organisasie (BTO) te huisves vanaf September 2024 of so spoedig moontlik nadat alle wetlike prosesse en transaksies afgehandel en die perseel ingerig is;
5. Dat die huidige Bergrivier Toerisme Organisasie (BTO) Kantoor by die Velddrif Administratiewe Kantoor her-ingerig word deur Tegniese Dienste om soveel as moontlik kantoorspasie te genereer vir gebruik van Bergrivier Munisipaliteit vir so spoedig moontlik nadat Bergrivier Toerisme Organisasie (BTO) die perseel verlaat het; en
6. Dat Direksie die dringendste behoeftes aan kantoorspasie in Velddrif assesseer en die toekenning van die nuut-ingerigte kantore daarvolgens toeken.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN013/08/2024**
**UTILISATION OF YOUTH CENTRE BY WEST COAST COLLEGE AND COMMUNITY COLLEGE**
**17/4/7**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die bestuur en beheer van die Jeugsentrum.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council approve establishment of a campus of the West Coast College and Western Cape Community Education and Training College at the Youth Centre in Piketberg;
2. That prior to signing, the MOU be presented to the Council after consultation with ward 4's Ward Committee; and
3. That after the mandate to sign the MOU's on behalf of Council be given to the Municipal Manager.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN014/08/2024**
**TOESTEMMING OM KONSOLIDASIE VAN ERWE 24, 25 EN 960, PIKETBERG VIR TOEKOMS AANBOUING VAN MUNISIPALE KANTORE/STRUKTURE**
**PB.24; PB.25 & PB.960**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat toestemming aan Departement Stadsbeplanning & Omgewingsbestuur verleen word om voort te gaan met die prosesse om konsolidasie van Erwe 24, 45 en 960, in terme van Bergrivier Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning asook die nodige opmeting en registrasie prosesse.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN015/08/2024**
**BEHUISING TOEKENNINGSBELEID**
**17/5/B**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Gemeenskapsdienste direktoraat die Nasionale- en Provinsiale Departemente se funksies met spesifieke verwysing na hul rol in die toekenningsproses insluit by 7.5 van die beleid.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die Behuising Toekenningsbeleid oorweeg en goedkeur.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**RVN016/08/2024**
**TOEKENNING EN VERHURING VAN OPGEGRADEERDE HUISE TE SANDSTRAAT, PIKETBERG**
**17/5/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere ondersoeke / bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**RVN017/08/2024**
**APPROVAL OF AMENDED CEMETRIES AND CREMATORIA BY-LAW**
**16/7/B**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the Cemetries and Crematoria By-law attached hereto as Annexure A be approved; and
2. That the Cemetries and Crematoria By-law be prepared and submitted for promulgation in the relevant provincial gazette.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**RVN018/08/2024**
**ADJUSTMENT OF MIG DPIP WHILE AWAITING APPROVAL OF ROLLOVER OF MIG FUNDING FOR THE 2023-2024 FINANCIAL YEAR**
**5/9/3**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council approve the adjustment of the DPIP 2024-2025 to ensure the continuation of the projects on multi-year MIG projects and to enable the payment of Contractors:

| DPIP - MIG Projects | 2024/2025 |
|---|---|
| PB Rehabilitation/Upgrading of WTW (Multi-year) | R6 144 852,53 |
| PB Genset at WWTW (Multi-year) | R1 800 576,41 |
| VD Genset Albatros Sewer P/Station (Multi-year) | R1 353 310,48 |
| VD Genset WWTW (Multi-year) | R1 117 863,75 |
| PV Genset at WWTW (Multi-year) | R2 145 280,86 |
| AUR Solar Assist Water Pump Station (Multi-year) | R424 146,94 |
| RED Solar Assist Water Pump Station and WTW (Multi-year) | R455 750,94 |
| PV Stormwater Ward 2 (Multi-year) | R903 608,06 |
| PB Stormwater Ward 4 (Multi-year) | R1 137 710,03 |
| PMU Admin | R814 900,00 |
| **TOTAL** | R16 298 000,00 |

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**RVN019/08/2024**
**ERF 1380 (THERONSTRAAT) PORTERVILLE**
**PTV.1380**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem oor die genoemde toedrag van sake rakende die BK besluite asook die inhoud van die voorwaardes uiteengesit deur die Stadsbeplanning afdeling wat nie nagekom is nie; en
2. Dat die Raad kennis neem dat Bergrivier Munisipaliteit 'n gevestigde belang in die straat het en dus goedkeuring verleen om dienste te verrig in die straat.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN020/08/2024**
**ELECTRICAL NETWORKS TRANSFORMERS**
**16/2/3/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That the item be withdrawn for further consideration and discussion at the Budget Steering Committee in the Adjustment Budget process.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**RVN021/08/2024**
**QUARTERLY AND MONTHLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the Quarterly and Monthly Budget Statement and supporting documentation for June 2024.

**RVN022/08/2024**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR JUNE 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the June 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**RVN023/08/2024**
**NOTIFICATION OF THE BERGRIVIER MUNICIPALITY ENVIRONMENTAL MANAGEMENT FRAMEWORK (EMF) PROCESS**
**15/1/5/21**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the report and the process flow for the development of the Bergrivier Municipal Environmental Management Framework that will take place during 2024/2025 and 2025/2026 Municipal financial years.

***

**RVN024/08/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN025/08/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN026/08/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering om 13:53, waarna die volle Raad, Interne Ouditeur en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit.)***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:58***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

***VOORSITTER*** ***DATUM***